

Sondag 1 April (Paassondag)

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-5

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense
1:2-4

Waarvoor sal God oor jou gedank word?

Dit is 'n dankbare Paulus wat hierdie brief skryf aan die gemeente waar hy met sy tweede sendingreis maar net drie sabbatte kon arbei voor hy deur 'n opskudding van die Jode verdryf is.

Dankbaar ... want wat kon drie dae se werk nou werklik tot stand bring? Maar die evan-gelie het tot hulle gekom met krag en deur die Heilige Gees wat oortuig. Hierdie evangelie is met blydschap ontvang te midde van verdrukking. En waar die kragtige Woord van die Here ontvang word, daar verander lewens. Nuutgemaakte lewens-gekenmerk deur die bekende drietal: geloof, hoop en liefde.

- *Die werk van julle geloof* – Deur die evangelie het die Heilige Gees hulle aan Christus verbind, en hierdie verbintenis het vrug gedra. Hulle geloof was nie net iets abstrak nie, maar het hulle tot daadkrag aangespoor. Geloof aan die werk.
- *Die inspanning van julle liefde* – Ook 'n woord vir “werk”, maar werk met inspanning, arbeid. Die liefde vir God en ons naaste is nie net 'n gevoel nie, dit bring jou ook tot selfvergetende ywer en werk ... aangevuur deur God se liefde.
- *Die volharding van julle hoop* – Verby die verdrukking wat hulle tydelik moes ervaar, het hulle volhard. Hulle het vorentoe geleef. Hulle het die Here se koms verwag. Daaroor gaan 'n groot deel van hierdie brief handel: oor sy wederkoms.

Kyk vandag indringend na jou gemeente, jou huis, jou eie lewe. Is dit hierdie dinge waarvoor iemand die Here oor jou sou dank? En waar jy so tekortsiet, gaan dan terug na die ontvang van God se Woord, die evangelie wat tot ons kom met die werkende krag van die Gees van God. Dieselfde krag waarmee Hy ons Here Jesus uit die dood opgewek het, wat ons juis op hierdie Paassondag herdenk.

Sing: Psalm 89-1:6

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)